# RESENSIES/REVIEWS

Lourens M. du Plessis (in medewerking met A.G. du Plessis). 1990.
Inleiding tot die Reg. Kenwyn : Juta & kie. 55 p. Prys R19,95.

Resensent: **T.J. Kruger**
**Dept. Regstoepassing (PU vir CHO)**

In hoofstuk 1 (p. 15) van die boek sê die skrywer: "Die aanslag van hierdie boek is *teoreties* of *wetenskaplik*: nadenkend-sistematies abstrak. Dit is dus só geskryf dat die leser in die vaardighede van abstraksie, sistematisering en nadenke ingelei word. Die leser word voorts aangemoedig om twee keer te dink, om kennis te herkou en te heroorweeg ... om *na te dink* ..."

Wanneer in ag geneem word dat die boek primêr gemik is op studente wat vir die eerste keer met die reg kennis maak, kan die gedeelte wat hierbo aangehaal is die indruk wek dat die skrywer die gevaar loop om oor die koppe van sy lesers heen te praat: dat sy benadering die teiken mis. Die teendeel is egter waar. Enersyds getuig die werk van deeglik begronde teoretiese kennis wat op 'n uiters verteerbare wyse (juis óók vir studente op eerstejaarsvlak) aangebied word.

In hoofstuk 1 word gehandel met begrippe soos *abstrakte kennis, sistematiese denke* en word daar in die besonder gewys op die onlosmaaklikheid van (en wisselwerking tussen) teorie en praktyk. Dié agtergrondskennis word op 'n uitnemende wyse ingebed in die universiteitsmillieu. Benewens 'n kort historiese oorsig van die universiteit(-swese) as sodanig, word die organisasie van die huidige Suid-Afrikaanse universiteite kortliks verduidelik en word die begrip *akademiese vryheid* nader omskryf en bepaal. Gewapen met dié kennis behoort die eerstejaarstudent nou te wéét waar hy hom bevind en, nog belangriker, waaróm. Terselfdertyd behoort die nuwe regstudent nou te weet: dit wat volg is nie maar net 'n oefening in feite-absorbering en geheuetoetsing nie; daar sal van hom verwag word om "... tweekeer te dink, om kennis te herkou en te heroorweeg ... om na te dink ..." (p.15).

Die historiese oorsig in die eerse gedeelte van hoofstuk 2 (pp. 16-46) is nuttig en die skrywer slaag daarin om 'n betreklik volledige oorsig te gee oor die wortels en ontwikkelingsgang van dit wat as die Suid-Afrikaanse regstelsel bekend staan. Indien dié hoofstuk kritiek regverdig dan is dit dat hierdie eerste gedeelte daarvan té volledig is vir die doeleindes van 'n kursus in inleiding tot die Regswetenskap; die stof wat

behandel word, sal waarskynlik in 'n kursus soos Romeinse Reg en/of Regsgeskiedenis (ten minste gedeeltelik) aan die orde kom. In die "tweede gedeelte" van hoofstuk 2 word die ontwikkeling (p. 46 e.v.) die eie-aard (p. 67 e.v.) en die regsbronne (p. 71 e.v.) van die Suid-Afrikaanse reg van nader besien. Dit strek tot die skrywer se krediet dat hy hom eksplisiet uitlaat oor wat hy noem "(d)ie ideologiese instrumentalisering van die reg" (pp. 59-61) en waardeur hy aantoon dat "social engineering" (d.i. "die sistematiese strukturering van die samelewing volgens 'n bepaalde ideologiese patroon" - naamlik apartheid) oor die afgelope amper half eeu 'n sterk (en negatiewe) uitwerking op die Suid-Afrikaanse regsorde gehad het.

Dit is trouens 'n kenmerk van die boek dat Du Plessis nie die reg in isolasie van sosio-maatskaplike en sosio-politieke ontwikkelinge (dus sogenaamd as "suiwer reg") aanbied en/of benader nie. So, byvoorbeeld, word onderskei tussen die benaderings van regspositiviste (pp. 61-64); word die regsdimensies van die probleme wat deur apartheid teweeggebring is, aangestip (pp. 155-156); word die Suid-Afrikaanse standpunte en/of dokumentasie rondom menseregte oorweeg (pp. 214 e.v. veral op 216-217); en word die branding waarin die regsorde hom bevind, onbeskroomd aangedui (pp. 113-119).

Selfs die meer "geykte" dele van die stof wat behandel word, word volledig - dog sonder onnodige omslagtigheid - aangebied. Die afdeling oor die regspleging ("Die reg en sosiale ordening" - hoofstuk 3) word aan die hand van drie alombekende en doodgewone voorbeelde wat as vertrekppunte geneem word, aangebied. Dié drie voorbeelde is die aangaan van 'n kontrak (p. 80), dood (p. 83) en gebeure rondom 'n motorbotsing (p. 83). Dié drie voorbeelde gebruik Du Plessis om, onder andere, die aanloop te verskaf vir 'n verduideliking van hoe howe funksioneer, die verskillende soorte howe, verskillende hofprosedures en selfs die vertakkinge van die regsprofessie (en die persoonlikheidseienskappe wat van die juris geverg word). Hierdie afdeling word gekenmerk deur 'n op die man af en praktiese uiteensetting: die geheimenisse van dit wat heel dikwels deur regstudente (veral op voorgraadse vlak) as 'n oerwoud van verwarrende begrippe beleef word, kry hier sinvolle gestalte.

Die hoofstukke oor die reg in subjektiewe sin (hoofstuk 4), die reg in normatiewe sin (hoofstuk 5) en laasgenoemde gekoppel aan die hoofstuk oor die indeling van die reg (hoofstuk 7) bevat weliswaar grotendeels geykte leerstof, maar word eweneens op 'n interessante, nie-omslagtige en onderhoudende wyse aangebied. 'n Besondere verdienste van hoofstuk 4 is dat nie alleen die privaatreg nie, maar ook die publiekreg ("Menseregte en/of publieke subjektiewe regte" pp. 145-167) in perspektief geplaas word. Die publiekreg is gans te lank as die stiefkind van die regswetenskap beskou en hanteer. Du Plessis vul die bestaande vakuum op 'n uitnemende wyse; nie alleen gee hy 'n oorsig van beskermingswyses wat menseregte op internasionale sowel as nasiona-

le vlak(ke) geniet nie, maar hy gee ook 'n oorsig oor die belangrikste debatspunte binne die publiekreg waaronder parlementêre soewereiniteit en die toetsreg van die howe (pp. 156-160) en die debat rondom die bestaan van publieke subjektiewe regte (pp. 164-167).

In drie Aanhangsels (wat hy "(d)rie perspektiewe op die reg" noem) gee Du Plessis aandag aan onderskeidelik die howe se benadering tot wetsuitleg (pp. 212-220), die aanhaal en opspoor van wetgewing (pp. 221-223) en wenke by die lees en opspoor van hofsake (pp. 224-232). Die laasgenoemde twee onderwerpe handel oor praktiese probleme wat die eerstejaarregstudent (en, heel dikwels, ook studente in hul latere studiejare) met basiese - dog fundamenteel belangike - fasette van regstudie ervaar. Dié praktiese benadering wat Du Plessis volg, kan alleen maar verwelkom word. Te dikwels word daar van die student verwag om, aan die hand van 'n oorsigtelike inleiding tot die gebruik van die regsbiblioteek (aangevul met die pogings van 'n dosent wat etlike honderde studente binne klasverband moet touwys maak), sy weg deur die vreemde wêreld van indekse, hofverslae en statuutbundels te vind.

Die gedeelte oor die howe se benadering tot wetsuitleg (pp. 212-220) is, soos verwag kan word, betreklik elementêr uiteengesit. Nietemin behoort dit sekere belangrike grondtrekke van wetsuitleg by die eerstejaarstudent tuis te bring - en bowenal 'n begrip daarvoor te kweek dat ook wetsuitleg volgens verskillende benaderingswyses kan geskied.

'n Unieke kenmerk van Du Plessis se boek is dat dit aan die einde van elke hoofstuk praktiese oefeninge en 'n aanvullende leeslys bevat. Dié oefeninge sal ongetwyfeld daartoe meehelp om die student se analitiese vermoëns te help ontwikkel. Bowendien spreek die praktiese oefeninge van Du Plessis se jarelange didaktiese ervaring met eerstejaarstudente; die probleemstellings is prakties gerig, verstaanbaar bewoord en tog indringend genoeg om die student te laat dink ... en weer te laat dink.

Sover dit die sistematiek wat deur Du Plessis gevolg is aangaan, sou dit miskien sin maak om hoofstuk 7 ("Indeling van die reg") op 'n vroeër stadium (byvoorbeeld tussen die bestaande hoofstukke 3 en 4) in te voeg. 'n Begrip van die indelingswyse van die positiewe reg (al is dit die geykte indeling wat vir kritiek vatbaar is) op 'n vroeë stadium in die leerprogram mag die eerstejaar help om enigsins sistematies te kan onderskei tussen wat waarskynlik vir hom/haar na 'n onhanteerbare, verwarrende grootheid lyk. Voorts mag dit raadsaam wees om teen die einde van die werk 'n samevatting van die belangrikste kenmerke van die Suid-Afrikaanse reg te gee. Tans is dit wat as die grondtrekke en wesenskenmerke van die Suid-Afrikaanse reg beskou word, geneig om in die groter geheel te vervloei en aldus "weg te raak". Só 'n samevatting sal uit die oogpunt van èn die dosent èn die student handig te pas kom.

Oor die algemeen is die styl gemaklik en vloeiend en die taalgebruik keurig, sonder om hoogdrawend te wees. Wanneer die skrywer kwessies wat (miskien) as "omstrede" beskou kan word hanteer, geskied dit op 'n beredeneerde wyse, dog sonder dat die skrywer poog om sy eie standpunte op die voorgrond te dwing. Dit is bowendien hoog tyd dat die "omstrede" kwessies waarna verwys word, kaalkop - en in Afrikaans vir Afrikaanse studente - bespreek word. Dit is dan ook een van die groot verdienstes van Du Plessis se boek: dat "die reg" nie maar in isolasie van die "res van die gemeenskapslewe" en die problematiek van die Suid-Afrikaanse werklikheid gesien en hanteer word nie.

Daar kan waarskynlik sonder vrees vir teenspraak gesê word dat *Inleiding tot die Reg* tans die mees omvattende en tegelyk die mees beknopte toegangshek tot 'n studie van die Suid-Afrikaanse reg is. Juis dáárin lê die waarde van dié werk: dit is omvattend èn sinopsies, teoreties begrond èn uiters prakties gerig. Du Plessis het inderdaad daarin geslaag om jare se kennis en ervaring op leesbare en verteerbare wyse (juis óók vir eerstejaarstudente) in sy boek vas te vang. En hoewel die dosent nouliks die volle omvang van die stof in 'n enkel studiejaar (of nog erger, 'n semester) met eerstejaarstudente sal kan behandel, sal 'n deurdagte seleksie wel aan die student veel meer as 'n basiese insig in die Suid-Afrikaanse regsorde bied.

*Inleiding tot die Reg* word van harte aanbeveel as gidsboek vir eerstejaarstudente. Dit kan ook met vrug aangewend word om 'n basis te verskaf vir *capita selecta* in latere studiejare. (Watter persentasie finale LLB-studente kan byvoorbeeld die "oefening" rakende privaatregtelike subjektiewe regte (pp. 167-169) met gemak hanteer?) Die werk is daarom duidelik ook meerdoelig en is mededingende werke in Suid-Afrika ver vooruit.

B.J. van der Walt. 1991. Anatomy of Reformation Potchefstroom : IRS. 581 pp. 2nd Revised and extended edition. R35.

**Reviewer: Annette L. Combrink (Dept. of English, PU for CHE)**

This is a revised and extended version of the original 1981 publication. The author states in the Preface (p. iii) that he would like to see this volume as the final part of the trilogy started with *Heartbeat* (1978, reprinted 1983 and 1988) and *Horizons* (same dates). The volumes have been well received and seemed to call for some further reflections and perspectives.

The author himself states that "this volume is less technical and more popular in

nature", and it will therefore be evaluated as such in this review. The twenty-four chapters have been brought together as a compilation of previously published material and a number of chapters written specifically for this publication.

The book has been divided into six main sections, and these will constitute the basis of discussion.

The first section comprises chapters 1 to 5, dealing with Christ's attitude towards religious, social and political trends of his day. The chapters are informative and discursive, and a welcome feature is that the tone of writing is unsentimental - in chapter 2 the author deals with the fact that pictorial representations of Christ are usually very misleading and even unashamedly sentimental. The same debunking attitude that he uses in chapter 2 to rid one of misconceptions regarding Christ's appearance and actions is operative in chapter 3, where he points out that the equally popular conception of Christ as the intercessor of the poor has little basis in Scripture (cf. pp. 28-29).

This section culminating in the reflective chapter on "The new way of reformation" is amply documented with quotes from the Bible to substantiate but not to subvert the material under discussion.

From this preparatory section he moves on to the sixteenth century reformational culture, and deals in turn with some of the lesser-known reformers, viz. Hus, Zwingli and Knox. The second section is informative and lively, and presents material that is not always readily to hand in a very digestible manner. (It is somewhat humbling to discover that even here history has overtaken things - the opening paragraph of the chapter on Knox states that the translated Bible had to be smuggled into Scotland - "as the Bible is today being smuggled secretly into the countries behind the Iron Curtain"). A subsequent edition will probably see this removed. The intention of this section would seem to be an emphasis on the reformational endeavours of these reformers, and an indication of the extent to which their work could be said to be inspirational.

The third section, spanning chapters 9-11, outlines different kinds of models for Christian involvement. The author engages critically with a number of models for Christian involvement, such as Humanism, Roman Catholicism, Lutheranism and Anabaptism. The main thrust of the criticism is that these models all create some kind of division, of a greater or lesser degree of radicalism, between concepts of being *Christian* and *world*, a dualism in the vision of creation. His own view, of the Christian *in* the world, *with* the Bible, has been well-documented in various publications, and is to some extent summarized and given substance in this chapter.

Chapter 11, on the intellectual decor of the sixteenth century Reformation, is a solid contribution, being well-documented, and while not inaccessible to the average reader of this kind of publication, still requires a certain amount of background to be fully understood. It is far more "academic" than the rest of the book.

The concept that has been carefully worked out and elaborated in the preceding chapters comes home to roost in the fourth section, which deals with the contemporary South African situation.

The central concept propagated in the book, the ongoing need for *radical reformation*, is applied to the South African ecclesiastical scene in chapter 13 by a survey and discussion of the important shortcomings that can be determined within the South African church practice. The task of the church, also seen within the framework of the central tenet of the book, is then outlined and extended into a discussion of the meaning and applicability of missionary work within our contemporary society.

The fifth section, chapters 16-19, represents a shift to the sociopolitical perspective. The first two chapters of this section deal with the central issue of ideologies and idolatry, once again approached from the perspective of the central tenet of the book. The author draws an intriguing parallel between old idolatries and new ones. This chapter provides particularly absorbing reading in an age of mass hysteria about ideology - as it is stated at the end of the chapter, "ideologies turn our time into a vortex into which man will irrevocably be sucked downwards. And many - millions - disappear into the abyss, because ideologies have hypnotic, demonic, seductive powers".

Chapter 18, dealing with reformation and other forms of renewal of society and the church, also contains a most useful bibliography for anybody wishing to go further into this issue. This is followed by a centrally topical character, dealing with the rights and duties of subject and government, and the vexed question of violence. The author once again turns to biblical authority to provide perspectives on violence, and then goes on to a carefully considered critique of both legalized violence, and civil disobedience. This is, in the framework of present-day South Africa, a particularly important chapter, as it hinges very strongly on the matter of justice - by all and for all.

The chapter ends provocatively with *Nkosi sikelele l'Afrika,* which he regards as a "song which speaks from and to the heart of Africa".

The concluding section, chapters 20-24, represents a further applicatory section - this time to educational and academic concerns. The issue of Christian scholarship is worked out in some detail in chapter 20, with an in-depth discussion of the whole

matter within the framework of the history, the activities and the role of the Potchefstroom University for Christian Higher Education. The subsequent chapters deal with the approaches to economics and history within the perspective of the Christian Scholarly endeavour. Chapter 23, dealing with philosophical issues, is once again a more technical and academic chapter, and contains an extended and useful bibliography on the issue of the consistent problem-historical method of philosophical historiography.

The book culminates in the chapter on the will of God and the way in which the Holy Spirit can be seen as a guiding force in our personal decision-making processes.

The Postscript is something in the nature of an *Apologia*: it indicates that the book pretends only to contain "flashes and fragments" of a reformational world view, and should be seen as such. In order to obviate something of the very personal nature of much of this book, the author then provides a list and brief discussion of a wide range of reading material in this field to enable readers to make up their own minds about the whole issue.

On balance one has to present an opinion about the book. On the positive side one can say that this book contains a wealth of information and mature reflection. The tone is never sentimental or cloying, but rather speaks with sincerity, clarity, humility and a burning conviction. On the negative side one could contend that it is a little sprawling, in some instances repetitive and, unfortunately, the proofreading is not always very meticulous. There is also, as has been indicated in the main body of the discussion, something of an unevenness in that some material is markedly more popular than other sections that are more academic and seriously reflective.

On the whole, however, it is a book to read through, to keep, to browse in, and the reflect on - a valuable contribution to the literature on Christian world view and Christian scholarship.

# BOEKAANKONDIGINGS

F.A. Ponelis. 1990. **Historiese klankleer van Afrikaans.** Annale Universiteit van Stellenbosch 1990(1): 1-112. Stellenbosch : Afdeling Publikasies en Taaldiens. R10.

Hierdie publikasie vorm deel van *Annale*, 'n prestige-publikasiereeks waarin oorspronklike studies van personeellede, studente, oud-personeellede en oud-studente van

die Universiteit van Stellenbosch gepubliseer word. *Annale* is 'n publikasiemedium vir veral langer manuskripte van hoogstaande gehalte.

In hierdie bydrae van Ponelis word nagegaan hoe die klankstelsel van Afrikaans ontwikkel het van die vroegste Germaans af, dit wil sê sowat drieduisend jaar gelede. Die volgende verskynsels word behandel: die vokale, die konsonante, en algemene patrone en prosesse (soos umlaut, palatalisasie en aksentuering).

Verder word daarop gewys dat weens sy Germaanse oorsprong daar baie fonologiese ooreenkomste bestaan tussen Afrikaans en byvoorbeeld Duits, Nederduits ("Platduits"), Fries, Engels en verskeie Nederlandse dialekte. Die geografiese verspreiding van 'n aantal verskynsels word met kaarte toegelig. Reeds van vroeg af het die klankstelsel van die Germaanse tale die invloed van ander tale ondergaan, waaronder Latyn en Frans. So ook het tale soos Maleis, Portugees en later Engels en Standaardnederlands heelwat invloed op die Afrikaanse fonologie uitgeoefen. Waar sosiale klas en stylwaarde (formeel en informeel) ook 'n uitwerking het op die keuse van bepaalde taalvariante, word hierdie sogenaamde sosiostilistiese faktore ook beskryf. Afrikaans is 'n vorm van versorgde Hollands (noorwestelike Nederlands) - tog ontbreek sekere klankverskynsels wat tipies was van die informeelste omgangstaal in Afrikaans. In hierdie verband kan gedink word aan die uitspraak **mongd** en **hangd** (met die *ng* van hand) vir mond en hand. Die vorme **mongd** en **hangd** was teen die 17e eeu al so erg gebrandmerk dat hulle versorgde Hollands nie gehaal het nie en dus ook in Afrikaans afwesig is.

In die laaste hoofstuk van die boek word 'n chronologiese samevatting gegee waarin die belangrikste verskynsels gedateer word.

Vir die navorser wat belangstel in aspekte soos diachronie, dialektologie, fonologie en variasie sal hierdie publikasie inderdaad waardevolle inligting bied.

**Venster op mag en geweld / Reflections on power and violence.** 1991. Potchefstroom : IRS/PU vir CHO. 303 p. R25,00.

In die nou reeds baie bekende *Venster*reeks van die IRS bied hierdie publikasie 'n genuanseerde perspektief op verskeie aspekte van mag en geweld. Sodoende word die aandag daarop gevestig dat afgesien van openlike vorme van geweld soos politieke, militêre en ekonomiese geweld, die moderne mens ook blootgestel word aan allerlei subtiele vorme van geweld (byvoorbeeld in die geval van selektiewe mediablootstelling).

Van die aspekte wat in hierdie publikasie aangeraak word, is onder andere die historiese faset (godsdiensoorloë), asook Bybels-teologiese en sosiale perspektiewe (kerk, -teologie en geweld, ideologie en geweld, geloofsvryheid, ens.) Praktiese uitlopers van die geweldtema (burgerlike ongehoorsaamheid, verpligte militêre diensplig, menseregte, die implikasie vir kommunikasie, ens.) word ook aangeraak. Ook bied die bydraes oor geweld in die geneeskunde en kerngeweld interessante invalshoeke in die geheelbeskouing oor geweld.

*Venster op mag en geweld* bied vir die geïnteresseerde leser 'n verskeidenheid bydraes van verskillende outeurs wat die problematiek van geweld op 'n wetenskaplik-populêre wyse omlyn.